# Hoofstuk van die dag: Josua 22

> *Toe hulle by Gelilot aan die Jordaan in Kanaän kom, bou hulle daar by die Jordaan ’n altaar, ’n groot indrukwekkende*

*altaar. (vers 10)*

Oorhaastige gevolgtrekkings kan baie gevaarlik wees, veral wanneer die eer van die Here op die spel is. Dit is wat hier gebeur. Die Oos-Jordaanstamme het hulle mede-Israeliete gehelp om die Wes-Jordaangebied te verower, soos Moses hulle versoek het (Jos. 1:12-15). Noudat hulle taak afgehandel is, kan hulle terugkeer na hulle mense anderkant die Jordaan. Wanneer hulle die Jordaan oorsteek, bou hulle 'n monument in die vorm van 'n altaar om almal te herinner dat hulle aan die Here getrou sal bly.

Die Wes-Jordaanstamme hoor van die altaar en lei dadelik daaruit af dat hulle volksgenote die Here verlaat het en 'n eie godsdiens gaan begin. Hulle is reg om oorlog te maak en die sondaars uit te roei. Wat die situasie ontlont, is 'n goeie gesprek tussen die twee groepe.

Dit is gevaarlik om met onvolledige inligting ons eie gevolgtrekkings te maak oor ander se motiewe en optredes en hulle dan te veroordeel. Dit lei tot spanning en konflik tussen gelowiges. Daarom waarsku die Here Jesus ons in Joh. 7:24: "Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig."


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026